

Rachmaninof in dié Taal

Die Aand- en Oggendgesange van Rachmaninof is onlangs uit die Russies na Afrikaans vir koorvertolking verwerk deur 'n Tygerbergse musiekonderwyser en poliglot, Héléne Dippenaar. Dit is reeds vyf dekades lank dat sy sulke verwerkings uit ander tale na Afrikaans onderneem vir kore oor die hele land. **MARTIENS VAN BART** het met haar gesels.

Die Aand- en Oggendgesange, onderskeidelik Vespers en Mette, van die Russiese pianis en komponis Sergei Vasilievich Rachmaninof (1873-1943) is van die grootste koorwerke in die musiekliteratuur. Aangesien die woorde van die gesange in Russies is, het die Vriende van Afrikaans na aanleiding van 'n versoek van Leon Starker, dirigent van die Pro Cantu Jeugkoor en die Kaapstadse Kamerkoor, Héléne Dippenaar, koorafriigter en musiekonderwyser van Doordekraal, Bellville, gevra om dit vir kooruitvoering na Afrikaans te verwerk.

Die verwerking is die eerste keer op 14 Augustus 2010 in die historiese NG Moederkerk in Stellenbosch uitgevoer, waarna dit in die Voortrekkermonument in Pretoria, die Sentrum van die Boek in Victoriastraat, Kaapstad, die St. George-katedraal in Waalstraat, Kaapstad, en die Biskoppe-kapel in Rondebosch uitgevoer is. Dit is nou op CD.

In 'n onderhoud met *Erfenis* het Dippenaar, vanjaar 74, gesê sy is van jongs af besonder lief vir gedigte, rympies, tale, sang en musiek. Reeds op 5-jarige ouderdom het sy klavierlesse begin neem en kort daarna ook sanglesse. Haar eerste gedig, oor die lente, het sy in standaard 3 (graad 5) geskryf. Sy het jaarliks musiek-eksamens afgelê en het gereeld ook aan Afrikaanse en Engelse eisteddfods deelgeneem.

In 1952 het sy met onder meer musiek en Latyn as vakke aan die hoërskool Jan van Riebeeck in Tuine, Kaapstad, gematrikuleer. Daarna het sy musiek aan die Universiteit van Kaapstad studeer met klavier, sang en orrel as praktiese vakke. Deur haar sangstudie het sy nader kennis gemaak met Duits, Frans en Italiaans. Die studie van opera het kennis van 'n verskeidenheid tale geveer, en met die studie van kerkliturgie het sy met verskeie tale in aanraking gekom, onder meer met Grieks.

Sy het in klavier- en sangonderwys gespesialiseer en ook onderrig in orrel ontvang van Leslie Arnold, destydse stadsorrelis van Kaapstad. Een van haar lektore in musiek was Hubert du Plessis, wat op 12 Maart op 88 jaar oorlede is. Sy het 'n lisensiaat in albei onderrigvakke verwerf.

Ná haar opleiding het sy by verskeie Kaapse skole, asook in Port Elizabeth, musiek onderrig.

Haar eerste skool was die Hoërskool Maitland, waar sy klas in klavier en sang gegee en kore afgerig het. Ook was sy orrelis in onderskeidelik Port Elizabeth, Klerksdorp en Bellville. In Klerksdorp en Bellville was sy lid van die stadskore. Tans rig sy die Parow-seniorkoor af.

Haar bedrewenheid met vertaalwerk van liederes uit ander tale na Afrikaans het ontwikkel namate sy by die afrigting van kore betrokke geraak het. Verskeie kore, ook skoolkore, het haar dikwels genader om koorstukke uit ander tale na Afrikaans te vertaal sodat dit onder meer by die jaarlikse koorkompetisies van die ATKV uitgevoer kon word.

Om koorwerke na Afrikaans te verwerk is nie 'n eenvoudige taak nie. Die komponis skryf sy of haar musiek reeds met die woorde in gedagte. 'n Lied is die toonsetting van woorde, en daardie woorde is 'n wyse van kommunikasie. Om die woorde van 'n koorwerk na 'n ander taal oor te sit, moet die musiek en die ritme ontleed word terwyl die presiese betekenis van elke woord in die oorspronklike taal vasgestel en gepaste ekwivalente in die ander taal gevind word. Die omsetting na Afrikaans kan 'n taamlik komplekse aangeleentheid wees wat die instudering van die koorwerk in sy geheel verg. By die keuse van die mees gepaste Afrikaanse woorde moet veral sorg gedra word dat die vokale by die musiek pas.

Dippenaar het gesê toe die Vriende van Afrikaans en Starker haar in 2009 genader het om Rachmaninof se Deurnaggesange, opus 37, uit die Russies in Afrikaans om te sit, was dit vir haar 'n groot uitdaging. Sy moes nie net Russies onder die knie kry nie, maar ook die Cyrilliese of Slawiese skrif. Rachmaninof se Deurnaggesange is in die ou Slawiese kerk-Russies geskryf. Ook het dit geveer dat sy soms die Grieks-Engelse Bybel moes raadpleeg om die kooraanhalings te bestudeer. Daar is 'n sterk verwantskap tussen Grieks en Russies, soos ook tussen die Russies-Ortodokse Kerk en die Grieks-Ortodokse Kerk. Ook is daar 'n verwantskap tussen die Slawiese skrif en die Griekse skrif. Voorts het sy na verskeie musiekopnames van die koorwerke in ander tale, soos Duits, Frans en Engels, geluister en die vertalings bestudeer.

Sy het ook al koorwerke uit



Héléne Dippenaar het Rachmaninof se Deurnaggesange uit Russies vir koorvertolking in Afrikaans verwerk. FOTO: MARTIENS VAN BART



Die Russiese komponis-pianis Sergei Vasilievich Rachmaninof (1873-1943).

Jiddisj, Duits, Latyn, Frans, Hongaars, Deens, Italiaans en Engels na Afrikaans vertaal. Haar taalaanleg het sy ook op haar teoloog-seun, Christie, oorgedra. Hy is hoogleraar in die Nuwe Testament wat tans in Taiwan in Mandaryns en Taiwannees klasgee. Hy het 'n grondige kennis van Duits, Frans, Latyn, Grieks, Russies, Pools, Zoeloe en Kwanyama, 'n Ovambo-dialek.

Haar dogters, Carine en Hettitia, is albei musikaal aangelê. Sy is getroud met Jannie Dippenaar, voor sy aftrede verbonde aan Santam.

Wat die vertaling van die Deurnaggesange betref: Dit was 'n groot uitdaging, maar die kombinasie van pragtige musiek en diep geestelike teks was onweerstaanbaar – hoewel sy soms ernstig moes bid oor moeilike passasies waar Russies

en Afrikaans nie altyd sulke goeie maats was nie!

Dit was vir haar 'n besondere belewenis om op 14 Augustus verlede jaar die baie geslaagde uitvoering deur die Pro Cantu-koor en Kaapstadse Kamerkoor in die Moederkerk by te woon. Sy vertrou dat dit 'n verdere bydrae sal lewer tot die bevordering van Afrikaans, sowel as van goeie gewyde musiek.



Wat is die Deurnaggesange dat dit so belangrik geag word? In die inligtingstuk wat saam met die multimedia-CD verskyn het en opgestel is deur Starker, Alta Coertzen en Dirk Binneman, word dit soos volg uiteengesit:

Op die vooraand van groot religieuse feeste van die Russies-Ortodokse Kerk word tradisioneel 'n nagwaak gehou wat die liturgie van die Aandgesange of Vespers en Oggendgesange of Mette in 'n enkele kerkdiens kombineer. Dié diens bestaan uit verskeie liturgiese vorms – van skriflesing, koraalsang (cantus), solis-sang (solo-cantus) en wisselsang tussen koor en solis tot suiwer koorgesange. Die vyftien koorgesange is die koorpilare van die Nagwaak, waarop Rachmaninof sy Deurnaggesange gegrond het.

Hy het die koorwerk vroeg in 1915 binne sowat 14 dae gekomponeer en dit aan Stepan Smolensky, sy mentor en kenner van Russiese cantus, opgedra. Op 10 Maart 1915 is dit die eerste keer in 'n geldinsamelingskonsert ten bate van die slagoffers van die Eerste Wêreldoorlog in Moskou se Ouspensky-katedraal uitgevoer. Dit word steeds as konsertstuk eerder as 'n liturgiese werk beskou.

Kort ná die eerste vyf sukses-

volle uitvoerings is die koorwerk as Rachmaninof se Opus 37 met die titel Vsenoshchnoe Bdienie – vryelik vertaal as Vesper Nagwaak – gepubliseer. Dit is 'n grootse godsdienstige werk en 'n hoogtepunt in die repertorium van die Ortodoksie-kerkmusiek.

Die term Vespers verwys eintlik net na Aandgesange, die eerste ses bewegings van die Nagwaak. Binne die konteks van die Nagwaak duur die Aandgesange van Saterdagmiddag 18:00 tot Middernag, en fokus dit op Ou Testamentiese gebeure soos die skepping, sondeval, skulderkenning en belofte van die koms van die Messias of Verlosser. Om middernag begin die Mette of Oggendgesange wat tot Sondagoggend 09:00 duur. Die fokus van die Oggendgesange, die laaste nege bewegings, is op Nuwe Testamentiese gebeure, soos die koms van Christus en die Opstanding.

Die Nagwaak as liturgiese gebeurtenis in die Ortodokse Kerk het sy oorsprong in Lukas 6:12, wat lui: "In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God." Dit het die kies van sy dissipels voorafgegaan. Teen die einde van die 19de eeu is die Nagwaakdiens tot drie ure verkort.



Lig is 'n belangrike Christelike simbool en die veranderende lig tydens die Nagwaak speel 'n betekenisvolle rol. Namate die son tydens die Aandgesange ondergaan, word die gemeentelede al hoe meer bewus van hul nietige menslikheid en sondigheid. Daarenteen hou die opkomende son van die volgende dag belofte in van lig, vergifnis, die opstanding en 'n ewige lewe.

Die samestelling van Rachmaninof se Deurnaggesange openbaar die seker hand van 'n volwasse komponis. Toe hy dié koorwerk aangepak het, het hy reeds sy tweede en derde klavierkonserte, asook sy tweede simfonie, voltooi.

Hoewel hy bekend is vir die ryk orkestrale teksture in sy komposisies, het hy die Deurnaggesange getrou aan die tradisie van die Ortodokse Kerk vir 'n vierstemmige cappella-koor gekomponeer. Alle sang in die ortodokse kerke was onbegeleid omdat instrumente verbode was. Tog verdig Rachmaninof die tekstuur van die koor telkens tot soveel as agt stemme, en in die sewende beweging, "Eer aan God in die hoogste", word dit selfs elfstemmig, luidens die inligtingstuk.

◆ **Rachmaninof se Oggend- en Aandgesange in Afrikaans op multimedia-CD sluit ook die bladmusiek met die Afrikaanse bewoording en 'n inligtingstuk in Afrikaans en Engels in. Dit kan teen R120 van die Vriende van Afrikaans bestel word by ☎ 021 808 3744/5 of stuur 'n e-pos na: vvafr@sun.ac.za.**